Saterdag 16 Mei
Skrifgedeelte: Matteus 9:9-13 (AFR53)
Fokusgedeelte: Matteus 9:12-13

Christus roep uit genade gewone mense om as dissipels hom te volg

Die meeste van ons weet dat ons glo omdat Christus ons geroep het, en aan ons deur sy Gees die geloof gegee het om Hom te volg. Dit is hoe ons gelowiges word.

Onthou ons altyd wat dit van ons as mense sê dat ons sy volgelinge is? Baie mense praat van hulle geloof asof hulle trots is dat hulle dit gemaak het. Dit klink dan dadelik of hulle die punt van genade heeltemal mis. Met die roeping van Matteus vind ons uit dat die gelowige met groot nederigheid oor sy geloof moet dink. Ons is die mense vir wie Hy gekom het, vir wie Hy sy lewe kom gee aan die kruis.

Hy sterf nie vir ons omdat ons goed is nie, Hy sterf vir ons want ons is ongesteld. Ons is stukkend. Ons is siek tot die dood in die sonde. Hy kom vir ons! Hy kom om met sy bloed ons te genees. Hy kom roep ons, sondaarmense, om Hom te volg, nie deur sondaars te bly nie, maar om in Hom en in sy verlossing Hom soos nuwe mense te volg. Ons kan ons nie losmaak van Hom nie, dan dink ons soos die Fariseërs dat ons Hom nie nodig het nie. Dit sal beteken ons sal in ons siekte en swakheid van die sonde sterf sonder om dit te besef.

Hy het ons tot bekering geroep, en Hy het ons genadiglik die geloof geskenk om Hom gelowig te volg. Barmhartig moet ons reageer. Barmhartig teenoor hulle wat nog geroep word. Ons weet wie ons is en wat ons in Christus geword het, daarom is ons bly oor elke sondaar wat soos ons Hom volg. Ons roep met die stem van die Gees mense soos Matteus, mense soos ons, om na Christus te kom.

*Sing: Psalm 32-1:1*

*Ds. HFR (Riekert) Pelser (Kemptonpark)*